# ADDENDUM A

## PEDAGOGIES-BETEKENISVOLLE WYSES VAN LEWE (LEWENSWYSES)*

### 1 DIE FUNDAMENTEEL-PEDAGOGIESE STRUKTURE

| A<br>PEDAGOGIESE VERHOUDING STRUKTURE | B<br>PEDAGOGIESE VERLOOP STRUKTURE | C<br>PEDAGOGIESE BEDRYWIGHEID – STRUKTURE |
|---|---|---|
| 1 Begrypende lewenswyse<br>2 Vertrouende lewenswyse<br>3 Gesagsgemoeide lewenswyse | 1 Omganende lewenswyse<br>2 Ontmoetende lewenswyse<br>3 Engagerende lewenswyse<br>4 Bemoeiende lewenswyse<br>i) Ingrypende lewenswyse | 1 Betekenende lewenswyse<br>2 Inspannende lewenswyse<br>3 Genormeerde lewenswyse<br>4 Wagende lewenswyse<br>5 Dankbare lewenswyse<br>6 Aanspreeklike lewenswyse<br>7 Hopende lewenswyse<br>8 Ontwerpende |

| | |
|---|---|
| **I PEDAGOGIESE VERHOUDINGSTRUKTURE** | Onderwyser en kind se onderlinge betrekkinge word gedra deur 1-3: |
| **1 BEGRYPENDE LEWENSWYSE** | Die onderwyser en die kind se kennende saamlewe word gekenmerk deur A en B: |
| **A Begryping-van-kindwees** | Die onderwyser moet die kinders wat aan hom toevertrou is, ken. Hierdie kennis blyk uit die inagneming van (a)-(e): |
| (a) Begryping-van-andersheid | Elke kind is iemand wat self iemand wil wees: die onderwyser moet dus probeer om elke indiwiduele kind kind te leer ken. |
| (b) Belewing-van-andersheid | Elke kind moet aanvoel en ervaar dat die onderwyser die feit inagneem dat hy verskillend is van ander. |
| (c) Interpretasie-van-moontlikhede | Die onderwyser moet die kind help om sy moontlikhede te ontdek en te begryp. |
| (d) Ontplooiing-van-moontlikhede | Die kind moet gehelp word om sy positiewe moontlikhede in te span en sodoende te laat word. |
| (e) Waardering-van-moontlikhede | Die kind moet gehelp word om waardering te hê vir talente wat hy ontvang het. |
| **B Begryping-van-behoorlikheidseise** | Beide die onderwyser en die kind staan onder bepaalde voorskrifte en die kind moet gehelp word om (a)-(e) te begryp: |
| (a) Gesag-van-behoorlikheidseise | Om beheer te word deur bepaalde voorskrifte moet begryp en aanvaar word. |
| (b) Begryping-van-eise-van-menswees | Die vereistes waaraan daar voldoen moet word ten einde as ordentlike mens gereken te kan word, moet begryp en aan voldoen word. |
| (c) Begryping-van-verantwoordelikheid | Die verpligting om te kies en te handel moet opgeneem word en daarvan moet rekenskap gegee word. |
| (d) Begryping-van-behoorlike-inspanning | Die kind moet begryp dat hy altyd sy uiterste bes moet doen met al sy bedrywighede waarby hy ingeskakel word. |
| (e) Begryping-van-gehoorsaamheid | Die kind moet weet dat hy moet hoor as daar iets vir hom gesê word. |

| | |
|---|---|
| **2 VERTROUENDE LEWENSWYSE** | Die onderwyser en die kind se saamlewe in vertroue moet gekenmerk word deur A en B: |
| A. Agting-vir-kinderlike-waardigheid | Respek vir die kind as medemens moet betoon word, deur (a) en (b) te doen: |
| (a) Agting-vir-andersheid | Inagneming van die feit dat kinders van mekaar verskil |
| (b) Agting-vanweë-waardeverwerkliking | Waardering vir die kind omdat hy deelnemer is daaraan om dit wat hoogs waardevol is, werklikheid te maak. |
| B Aanvaarding | Skep van ‘n verhouding met die kind deur (1) en (2) te toon: |
| (1) Bereidwilligheid-tot-verhouding | Om met graagte ‘n verhouding met die kind te skep deur (a)-(h) te doen: |
| (a) Neemhandeling | Die kind word beïnvloed en beïndruk met die doel om hom te steun. |
| (b) Binding | ‘n Intieme verband tussen onderwyser en kind word gesmee. |
| (c) Medemenslikheid | Daar moet altyd menslik met die kind gewerk word, want hy is geen dier of ding nie. |
| (d) Aanspreek-aanhoor | Met die kind word duidelik gepraat en hy moet deeglik luister. |
| (e) Beagting | Behandeling met respek, konsiderasie, waardering en eerbied vir sy self-iemand-wil-wees. |
| (f) Mede-stander-wees | “Kom staan hier by my sodat ek jou kan help.” |
| (g) Mede-ganger-wees | “Gaan nou saam met my verder” (d.w.s. steeds nader aan behoorlike volwassenheid). |
| (h) Deelnemer-wees | Die kind moet toegelaat word om ‘n aktiewe aandeel te neem aan waardevolle bedrywighede. |
| (2) Voorneme-om-te-sorg | Die kind moet beleef dat die onderwyser graag oor hom wil waak deur (a)-(d) moontlik te maak: |
| (a) Versorgings-ruimte | Die kind beleef bv. die klaskamer as die plek waar daar met genoeë vir hom gesorg word. |
| (b) Aanvaarding-situasie | Geleenthede word vir die kind geskep om te ervaar dat hy welkom is. |
| (c) Besorgdheid-vanweë-liefde | Die kind moet beleef dat daar met hom bemoeienis gemaak word uit welwillendheid teenoor hom en nie met bybedoelings nie. |
| (d) Handeling-in-liefde | ‘n Hartlike geneentheid teenoor die kind blyk dit uit die doen van (i)-(iii). |
| (i) Inruiming-van-tuiste | ‘n Plek waarin hy tuis (gelukkig, op sy gemak) kan voel, word spesiaal vir hom ingerig. |
| (ii) Stigting-van-nabyheid | ‘n Persoonlike nabywees word geskep en alle gedistansieerdheid moet verdwyn. |
| (iii) Opname-in-onsruimte | Die kind word opgeneem in ‘n plek en met iemand met wie van “ons” gepraat kan word. |

| | |
|---|---|
| **3 GESAGSGEMOEIDE LEWENSWYSE** | Die wyse van saamlewe van onderwyser en kind met behoorlikheidseise, word gekenmerk deur (a)-(g): |
| (a) Laat-gesê | Die onderwyser sê wat behoorlik is en die kind laat hom oorreed deur dit wat gesê word. |
| (b) Aangespreek-word | Die onderwyser praat duidelik met die kind oor behoorlikheidseise. |
| (c) Opgeroep-word | Daar word 'n beroep op die kind gedoen en hy word aangespoor tot die doen van die behoorlike. |
| (d) Gehoorsaamheid | Die kind is gewillig om sinvolle voorskrifte aan te hoor en uit te voer. |
| (e) Gesagserkenning | Die kind sien in en gee toe dat die onderwyser die reg het om aan hom te sê wat behoorlik is |
| (f) Gesagsopvolging | Die kind moet die onderwyser se uitleg en voorlewe van behoorlikheidseise nalewe. |
| (g) Onderwerping-aan-normgesag | Die gesag wat spreek uit behoorlikheidseise word erken. |
| **II PEDAGOGIESE VERLOOPSTRUKTURE** | Die opvoedingsgebeure neem 'n verloop vanaf (1)-(7): |
| **1 OMGANENDE LEWENSWYSE** | Onderwyser en kind se saamkom word gekenmerk deur A en B: |
| A By-mekaar-wees | Om bymekaar te wees, beteken (a)+(b)+(c) |
| (a) Gelyktydigheid | Onderwyser en kind is terselfdertyd, met genoeg tyd en sonder 'n generasiegaping bymekaar. |
| (b) Ruimtelikheid | Onderwyser en kind is in dieselfde ruimte bymekaar. |
| (c) Bewus-wees-van-teenwoordigheid | Albei weet en voel dat hulle op dieselfde tyd en in dieselfde plek met mekaar kan kommunikeer. |
| B Aanvangsopvoeding | Onderwyser en kind se saamkom lei tot (a) en (b): |
| (a) Aanwysinge-vir-bemoeienis. | Aanduidings dat dit moontlik nodig sal wees vir die onderwyser om hom in te laat met die kind se keuse en handelinge, kan verskyn. |
| (b) Algemeen-opvoedende-beïnvloeding | Omdat die onderwyser onmiddellik begin om 'n voorbeeld te stel, om toesig te hou en om die behoorlike aan te wys, is daar nou reeds van opvoeding sprake. |
| (i) Kontrolering | |
| (ii) Rigtinggewing | |